Middestadbediening

TOWERS OF HOPE LEADERSHIP FOUNDATION

'n Mooi en opwindende verhaal is die van *Torings van Hoop* - hoe die tradisionele Afrikaanse bediening in die ou historiese kerkgebou plek gemaak het vir 'n heel nuwe benadering om die mense van die middestad van Bloemfontein te bereik. In vennootskap tussen die klein oorblywende Tweetoringgemeente, die Sinodale Getuieniskommissie en 'n nuwe ekumeniese *Torings van Hoop Trust*, word daar regtig mooi projekte geloods: bedieningsprojekte, kos- en klere uitdeel-projekte, leierskapbemagtiging, werkskepping, die bied van skuiling aan haweloses, 'n bediening aan vroue in die seksbedryf, die deernisvolle omarming van afvlerkmense, die bou van netwerke. Maar daar word ook gefokus op 'n nuwe soort aanbidding, in verskillende tale en kulture, op maniere wat vir ons dalk vreemd is. Dit is regtig 'n baie verrykende belewenis om so 'n erediens in die ou kerkgebou by te woon. Heelwat ander gemeentes word by die verskillende bedieninge ingeskakel.

Ds De la Harpe le Roux neem hier die entoesiastiese leiding. Hy is ook besig met arbeidsbediening, waar die bediening deur hom en ander werkers na die werksplek geneem word en waar besighede en bestuurslei weer by die bediening betrek word, ook by die mooi werk van *Torings van Hoop*. Vir hierdie werk vanuit die Tweetoringkerk, kon nouliks 'n beter naam gegee word: *Torings van Hoop*, hoop vir hulle wat met die bediening bereik word, maar ook hoop vir ons as kerk wat so bevoorreg is om op nuwe maniere deur die Here gebruik te word.